



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die tweede verslag vir 2021. Na die donasie in Windhoek en toe 'n selfoon in Pretoria, het my vrou, Brigitte, haar beursie met kontant daarin, al haar bank- en ander kaarte asook haar bestuurderslisensie en haar ID kaart aan 'n onbekende persoon hier in Hermanus "geskenk". Hopelik sal dit die laaste donasie in 2021 wees.

POLITIEK

- Ek veronderstel dat die Suid-Afrikaanse minister van gesondheid tans effense gesondheidsprobleme het weens hoë spanningsvlakke.
- Gelukkig het die staatspresident aangedui dat die beleid van die regerende party nie voorgydskap van grond insluit nie. Ongelukkig het hy nog nie aangedui dat die beleid van grondonteiening sonder vergoeding nie die beleid van sy party is nie. Dus duur die onsekerheid oor die besitreg van eiendom voort met al die negatiewe implikasies vir vaste investering daaraan verbonde.
- Na die kaping van 'n internasionale siviele vliegtuig oor Belarus is daar sanksies teen president Aleksander Lukashenko se regering ingestel wat hom al hoe meer in die ope arms van president Wladimir Poetin van Rusland jaag – laasgenoemde wat steeds droom oor die herrysenis van die ou Sowjet Unie terwyl hy alle politieke teenstanders veilig in die tronk stop voor die volgende verkiesings later vanjaar gehou word.
- Intussen is die Biden Administrasie daarop ingestel om meer belastingbetalers se geld te spandeer – nie net in die volgende twaalf maande nie, maar sommer in die volgende dekade.
- Die Britse premier, Brexit Boris Johnson, is onlangs getroud, maar het nie op wittebrood gegaan nie –dalk is sy begroting bietjie knap?
- Miskien het die sittende Afrika Unie parlementariërs besluit dat 'n staande geveg goed sal wees om die bloeddruk te laat daal? Hopelik kan Afrika eendag sommige van sy probleme oplos, sonder 'n geveg! Maar in Mali het die tweede staatsgreep binne twaalf maande plaasgevind omdat sommige persone nie daarvan gehou het dat hulle uit die kabinet gelaat is nie! Sal daar ooit werklike vrede in Afrika wees – Mosambiek, DRK, Burkina Faso, Libië, Somalië, ensovoorts –wat investering en groei sal ondersteun?
- Die ontvoering van kinders in Nigerië duur voort, want dit bly 'n betalende besigheid wanneer die losprys betaal word.
- Gelukkig het die Israel/Palestynse gevegte tot 'n einde gekom, maar dit wil voorkom asof die Israelse premier Benjamin Netanyahu se bewind na 'n periode van twaalf jaar tot 'n einde gekom het. Dalk 'n goeie voorbode vir vrede?
- Tans is daar twyfel of Iraanse sanksies reeds teen Augustus 2021 verlig sal wees.



- Terselfdertyd bly die Siriëse president blykbaar baie gewild met meer as 90% van die stemgeregtigdes wat wel gestem het, wat vir hom gestem het sodat hy 'n verdere sewe jaar vir 'n totaal van 28 jaar aan bewind sal wees. Hy het beslis die brutale burgeroorlog gewen!
- In Suid-Amerika het Columbia steeds sy politieke probleme, Brasilië sy knellende droogte en Venezuela sy inflasie van net
- minder as 3000%. In Zimbabwe is die inflasiekoers slegs 162%
- Die Groot Leier van Noord-Korea was die afgelope tyd baie stil. Dit was eintlik baie vervelig, totdat hy gelukkig nou gesê het dat byvoorbeeld Westerse haarstyle die inbors van sy mense ondermyn!

INTERNASIONAAL

- Die jongste werkloosheidsyfers in die belangrike nywerheidslande is: VSA 5.8%, VK 4.8%, Eurogebied 8.0%, Duitsland 4.4%, Japan 2.8%, China 5.1%
- Die jongste inflasiesyfers vir hierdie lande is: VSA 4.2%, VK 1.5%, Eurogebied 2.0% Duitsland 2.5%, Japan -0.4%, China 0.9%.
- Tienjaar staatseffekte op 4/06/21 (vergeleke met 4/05/21): VSA 1.55% (1.58%), VK 0.7890% (0.8070%), Duitsland -0.2150% (-0.2030%), Japan 0.0850% (0.0890%), China 3.1410% (3.1950%).
- Die aanduidings is steeds dat die wêreldekonomie reële groei van sowat 6.5% in 2021 kan toon. Vooruitskattings is dat ontluikende lande groei van amper 7.5% kan toon en ontwikkelde lande net minder as 6%.
- Groei word gestimuleer deur groot staatsbesteding en daarom, in meeste gevalle, groot en stygende begrotingstekorte, terwyl monetêre beleid 'n ondersteunende rol speel met lae rentekoerse en voldoende likiditeitsvoorsiening aan die finansiële markte.
- Gegewe die sterk voorspelde herstel van die VSA ekonomie – moontlik meer as 6.5% -- word verwag dat die Fedrale Reserweraad (Fed) die bykomende likiditeit wat hulle aan die finansiële markte voorsien, teen die derde kwartaal van 2021 kan begin verminder. Nieteenstaande hoër as voorspelde inflasie, word steeds verwag dat
- VSA korttermynrentekoerse eers in 2023 sal styg – of miskien laat 2022?
- Vooruitskattings dui op groei van sowat 5% in die Eurogebied -- Duitsland minder as 4%. Die aanduidings is dat die Europese Sentrale Bank sal voortgaan met sy beleid om bykomende likiditeit aan die finansiële markte te voorsien alhoewel inflasie tot 2% in die Eurogebied en tot 2.5% in Duitsland gestyg het. Dit word aanvaar dat die fiskale beleid 'n minder stimulerende rol sal speel weens die huiwering van 'n land soos Duitsland om ongereguleerde, oormatige staatsbesteding toe te laat. Korttermynrentekoerse word voorspel om nie voor 2023 te styg nie.
- In die VK word verwag dat groei van die baie negatiewe 9.8% in 2020 sal herstel tot 'n vlak van meer as 8% in 2021. Die jongste inflasiesyfers toon dat dit steeds goed onder beheer is en dat korttermynrentekoerse moontlik eers in die tweede helfte van 2022 kan styg.
- In Japan word reële groei van minder as 3% vir 2021 voorspel, terwyl inflasie tans steeds negatief is. Die regering gaan voort met sy fiskale stimulus terwyl vooruitskattings daarop dui dat korttermynrentekoerse nie voor 2023 sal styg nie.
- Gegewe die voorspelde Chinese groei van sowat 9% in 2021, word 'n ietwat strammer monetêre beleid reeds gevolg, alhoewel inflasie steeds onder beheer bly



nieteenstaande die skerp styging van kommoditeitspryse. Die huidige sterker yuan speel ook 'n rol om inflasie te beheer.

- In die algemeen aanvaar die sentrale banke van die ontwikkelde lande dat die huidige hoër inflasie van verbygaande aard is en in die algemeen in die langer termyn onder beheer sal bly. Hierdie siening word gebaseer op die sterk styging van landbou- en kommoditeitspryse in die afgelope aantal maande, vergeleke met die lae pryse van die ooreenstemmende periode verlede jaar. Inflasie kan egter verras en hoër as verwag bly indien daar steeds 'n ondervoorsiening aan kommoditeite of arbeid is en hierdie prysstygings voortduur en nie stabiliseer nie.
- Tans beweeg langtermynrentekoerse sywaarts. Indien inflasie steeds na die bokant verras, word verwag dat hierdie koerse in komende maande onder opwaartse druk kan kom.
- Baie landboukommoditeite het in die afgelope maand verswak. Sommige uitsonderings soos koffie wat beïnvloed word deur die droogte in Brasilië, het egter in die afgelope maand gestyg. Mynboukommoditeite het gemengde prysbewegings getoon met sommige wat verder gestyg het, terwyl ander soos rodium, skerp verswak het. In die algemeen word verwag dat die voortgesette herstel van die wêreld ekonomie en die sterk Chinese vraag na voedsel – veral weens die heropbou van sy varkkuddes – landbou- en mynboukommoditeitspryse in die res van die jaar behoort te ondersteun. Sommige landboukommoditeite word deur droogtetoestande in Suid en Noord-Amerika beïnvloed.
- Goud word steeds ondersteun deur die verwagte styging van wêreld inflasie terwyl rentekoerse op lae vlakke bly. Dit word ook ondersteun deur die swak vertoning van die dollar en politieke spanning in dele van die

wêreld. Platinum-, palladium- en rodiumpryse het wel in die afgelope maand gedaal.

- Die internasionale olieprys het die afgelope maand aanhou styg. Dit weerspieël die siening van OPUL dat die vraag na energie in die res van die jaar sterk sal bly, asook die onsekerheid of Iranese olie beskikbaar sal wees voor die einde van die jaar. Terselfdertyd het OPUL en Rusland besluit om die toename in die aanbod van olie in komende maande te beheer. Die Internasionale Energie-agentskap is van mening dat die vraag na olie in die langer termyn beperk sal wees omdat die wêreld voortgaan met 'n beleid om minder te besoedel deur minder fossielbrandstowwe te benut en te fokus op die ontwikkeling van skoon energie.
- Al die bogenoemde vooruitskattings en aannames kan op hulle kop gekeer word indien 'n vierde en vyfde koronavirus vlaag die wêreld tref en lande verplig om hul ekonomieë weer in te perk. Hopelik gebeur dit nie!

PLAASLIK

- Die jongsgte vooruitskattings dui op 'n positiewe groeikoers vir die RSA van tussen 4% en 5% in 2021. Hierdie positiewe vooruitskattings word veral gebaseer op die sterk toename in die inkomste wat die RSA verdien weens die verbetering van mynboukommoditeitspryse, sowel as die beter as verwagte vertoning van die ekonomie in die eerste kwartaal van 2021.
- Die onderskeie sektore van die ekonomie toon egter groot groei verskille. Die mynbou- en landbousektore trek voordeel uit die styging van internasionale kommoditeitspryse. Die toerisme- en gasvryheidsektore is steeds in die verknorsing omdat internasionale toerisme baie stadig herstel en restaurante weer eens benadeel



word deur die strenger inperkings weens die vervroegde aandklokkeël. Hopelik versnel die inenting van Suid-Afrikaners in komende weke en maak dit die land weer meer toeganklik vir internasionale toeriste en minder streng ekonomiese inperkings moet ingestel word – veral op die gasvryheidsbedryf.

- Na die rekord Maart handelsurplus van R52.8 miljard, het April 'n verdere verrassende surplus van R51.2 miljard getoon. Dit reflekteer weer eens die hoë internasionale kommoditeitspryse. April uitvoere het met 3.9% maand-op-maand (mom) gedaal terwyl invoere met 4.6% mom gedaal het. Na die surplus van R108.2 miljard in 2020 is die huidige groot handelsurpluse goeie nuus vir die lopenderekening van die betalingsbalans in 2021.
- Hierdie groot handelsurpluse is die resultaat van die sterk uitvoervertoning, maar ook van die swakker invoere wat die voortgesette swak vertoning van die plaaslike ekonomie weerspieël. Daarom, indien dit nie vir die sterk uitvoervertoning was nie, sou die plaaslike ekonomie nie 'n groeikoers van tussen 4% en 5% toon nie.
- Staatsfinansies behoort te baat by die sterk uitvoervertoning en die gevolglike hoër belastinginkomste. Maar gegewe die verknorsing waarin staatsfinansies verkeer en die noodsaak om staatskuld te beheer, moet alles moontlik gedoen word om staatsbesteding, korrupsie en wanbesteding tot die minimum te beperk. Dit geld alle vlakke van die staat naamlik sentrale, provinsiale en plaaslike regering asook alle staatsbeheerde ondernemings. Dit bly uiters noodsaaklik dat die salaris- en loononderhandelings tussen die sentrale regering en vakbonde suksesvol is om verhogings tot die absolute minimum te beperk. Of dit moontlik sal wees om die finansies van die meestal wanfunksionele munisipaliteite te red, bly tans 'n dagdroom. Indien die probleme van die munisipaliteite nie opgelos word nie, is dit onwaarskynlik dat die ekonomie van plattelandse of stedelike gebiede sal gedy.
- Bo en behalwe die probleme van wanfunksionele munisipaliteite, sukkel die RSA ook nog met die swak vertoning van staatsbeheerde ondernemings soos Eskom en Transnet.
- In die langtermyn bly die grootste uitdaging die kwaliteit van ons onderwys- en opleidingstelsel – veral in die lig daarvan dat baie skole en opleidingsinstansies 'n jaar van onderrig verloor het weens die inperkings wat in 2020 gegeld het. Sal die skool- en opleidingstelsel daarin slaag om persone aan die arbeidsmark te lewer wat kan meeding met die arbeid en produktiwiteit van ander lande?
- Werkloosheid het tot 'n nuwe rekord van 32.6% in die eerste kwartaal van 2021 gestyg terwyl die uitgebreide definisie van werkloosheid 'n syfer van 43.2% toon. Aanduidings is dat werkloosheid in komende maande verder sal styg wat die swak vertoning van die ekonomie, swak onderwys- en opleidingresultate en 'n onbuigsame arbeidstelsel weerspieël
- In April het die inflasiekoers tot 4.4% jaar-op-jaar (joj) gestyg vergeleke met die 3.2% in Maart. Dit was veral weens die skerp toename in voedselpryse (6.7% joj) en brandstofkoste (21.4% joj). Gegewe die lae vlak van inflasie in die maande van Mei en Junie 2020, kan verwag word dat die joj inflasiekoers in die volgende twee maande verdere skerp toenames toon. Dit word egter steeds verwag dat die gemiddelde inflasiekoers in 2021 net onder die sentrale bank se mikpunt van 4.5% sal wees.
- Gegewe die relatiewe swak vertoning van die plaaslike ekonomie, die gemiddelde inflasiekoers wat net onder die mikpuntkoers



sal bly en die onaanvaarbare vlak van werkloosheid, word verwag dat korttermynrentekoerse onveranderd sal bly in die res van die jaar.

- Langtermynrentekoerse het van 9.18% op 4/05/21 tot 8.7850% op 4/06/21 in die geval van tienjaar staatseffekte gedaal. Dit is 'n weerspieëling van die invloed van buitelandse kapitaal in die afgelope maand wat gelok is deur die plaaslike hoë rentekoerse. Hierdie koerse kan in komende maande onder opwaartse druk kom indien die kredietgradering van die land verlaag word of politieke onsekerhede en spannings voortduur. Terselfdertyd verdwyn die groot vraag na langtermynfinansiering vanuit die openbare sektor nie en dui dit ook daarop dat hierdie koerse in komende maande onder opwaartse druk kan kom.
- In die afgelope maand het die onstabiele rand verder teenoor al die belangrike geldeenhede versterk. Dit het weer eens gebeur niesteenstaande die onderliggende probleme van politieke onsekerhede, die voortgesette dreigement van grondonteiening sonder vergoeding, die volgehoue dreigement om die onbekostigbare Nasionale Gesondheidsversekeringstelsel in te stel, die risiko dat openbare sektor werkseleenthede beskerm word asook dat staatsbeheerde ondernemings soos SAL gered word, die diepgaande finansiële en dienstevoorsiening probleme van munisipaliteite, die moontlikheid van verdere kredietafgraderings selfs voor jaareinde, enige sterkte van die dollar sowel as enige verswakking van ontlukende lande se geldeenhede. Die rand word ondersteun deur die toename in inentings wat die impak van die koronavirus op die wêreld ekonomie verminder en die gevolglike verbeterde vooruitsig vir die wêreld ekonomie en veral vir kommoditeitsmarkte in 2021, die verskil

tussen plaaslike en internasionale rentekoerse sowel as die steeds goed funksionerende plaaslike finansiële stelsel. Die rand bly egter wisselvallig en verswak in die langer termyn teen alle belangrike geldeenhede.

BELEGGINGSOMGEWING

- Niesteenstaande die aanduidings dat die VSA ekonomie beter sal vertoon as die meeste ander groot nywerheidslande, het die dollar in die afgelope maand weer eens teenoor die meeste belangrike geldeenhede verswak.
- Die siening is steeds dat VSA kortkoerse vroeër sal styg as die van die meeste ander nywerheidslande met die moontlike uitsondering van die VK. Die Fed se siening is dat dit onwaarskynlik is dat hierdie koerse voor 2023 sal styg.
- VSA langkoerse bly hoër as die van die meeste ander ontwikkelde lande. Hierdie gaping sal in komende maande voortduur.
- Algemene kommoditeitspryse baat steeds by die voorspelde groei van die wêreld- en veral die Chinese ekonomie in 2021. Landboukommoditeitspryse word beïnvloed deur die sterk Chinese vraag asook droogtetoestande in Suid-Amerika en die VSA. Kommoditeite word beïnvloed deur die spesifieke vraag- en aanbodsituasie van elke kommoditeit.
- Goud vind baat by die lae internasionale rentekoerse, volop likiditeit en voorspelde hoër inflasiekoerse.
- Die olieprys baat by die produksie beperkings van OPUL en Rusland asook die voorspelde sterker vraag na energie in die tweede helfte van die jaar.
- Internasionale aandeelbeurse baat by die beter groeivoorsigte en die gevolglike beter winste en dividende, terwyl rentekoerse op huidige lae vlakke bly en likiditeit in oormaat aanwesig is.



- Plaaslike kortkoerse word verwag om sywaarts te beweeg tot minstens einde 2021.
- Plaaslike langkoerse kan opwaartse druk ervaar weens die sterk vraag na langtermynfinansiering van die openbare sektor. Enige opwaartse druk sal beperk word deur die swak vertoning van die ekonomie en inflasie wat onder beheer bly.
- Die plaaslike aandelebeurs word beïnvloed deur internasionale ekonomiese en aandeelbeurstendense, sowel as die beter vooruitsigte vir die plaaslike ekonomie en die impak wat dit op maatskappywinste en – dividende het.
- Die rand bly wisselvallig, het oor die afgelope jaar versterk, maar verswak in die langer termyn teenoor al die belangrike geldeenhede.
- .

Ulrich Joubert

8 Junie 2021.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik optestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

